# Welvanpas Dagstap 2023

| ROETE: | Roete op die plaas | DATUM: | 4 Maart 2023 |
|---|---|---|---|

**KOMMENTAAR**

Op ’n pragtige koel oggend kom 16 stappers bymekaar op die Retiefs se plaas, Welvanpas, op die Blouvleipad, net buite Wellington.
Ons stap deur ’n stukkie bos met Maartlelies en die klank van die rivier langs ons. Na ’n kort steiltetjie kruis ons ’n grondpad en stap deur die koel woud voor dit oopmaak op ’n wingerd. Ons verkyk ons aan die uitsigte van Bainskloof, Paarlberg, en Simonsberg in die verte. ’n Paar proe aan die natrossies. Die roete neem ons deur ’n dennebos met varings tot ons weer by die rivier aansluit en ’n ruskans kan geniet by die waterval. Net ’n halfuur later bereik ons die plaas se koffiewinkel, voor die eerste reënbuie neerval. Ná ons stap smul ons lekker aan Dan se boereworsrolle en Retha se wortelkoek en kuier gesellig saam. Buiten vir die staproete, is die plaas se bergfietsroetes ook baie gewild. Daar was selfs ’n paar gaste wat kom skilder het op die plaas waar Piet Retief eens gewoon het. Dan en Retha is die tiende geslag Retiefs wat al vir bykans 280 jaar op Welvanpas boer. Klimhoogte: 190m

| STAPPER | LIDNOMMER | ADMINFOOI | KM | OPMERKING |
|---|---|---|---|---|
| Gerrit Nortjé | 2023063 | R 5 | 6 | |
| Mariette Nortjé | 2023062 | R 5 | 6 | |
| Amanda Matthee | 2023045 | R 5 | 6 | |
| Sinmarie Pieterse | 2023082 | R 5 | 6 | |
| Arina van Eck | 2023147 | R 5 | 6 | |
| Arie van Eck | 2023148 | R 5 | 6 | |
| Alan van Rensburg | 2023075 | R 5 | 6 | |
| Miranda Myburgh | 2023092 | R 5 | 6 | |
| Estelle Smuts | 2023078 | R 5 | 6 | |
| Mike Smuts | 2023087 | R 5 | 6 | |
| Waldemar Smuta | 2023079 | R 5 | 6 | |
| Christiaan Smuts | 2023088 | R 5 | 6 | |
| Esther Warnich | 2023122 | R 5 | 6 | |
| Barbara Stewart | Nie-Lid | R 10 | 6 | |
| Helen Kriel | 2023083 | R 5 | 6 | |
| Iaan van Heerden | 2023089 | R 5 | 6 | |
| | | | | |
| | **TOTALE:** | **R 85** | **96** | |

| NOODHULPSAKKIES IS BESORG AAN: | Amanda |
|---|---|
| ITEMS GEBRUIK: | |

| NAME OP WAGLYS | |
|---|---|
| Geen | |
| | |

| VERSLAG DEUR: | Mariette Nortjé |
|---|---|